higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KUNS EN WETENSKAP VAN ONDERRIG
NKR VLAK 2

(5050012)

15 November 2024 (Y-vraestel)
13:00–15:30

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

184Q1N2415

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
KUNS EN WETENSKAP VAN ONDERRIG
NKR VLAK 2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1 'n Onderwyser weet dat leerders die beste leer wanneer hulle in klein groepe in 'n gestruktureerde omgewing deelneem.

1.2 Onderrig behels kreatiwiteit en vrae.

1.3 Goeie onderrig kan plaasvind selfs al het die onderwyser nie deeglik voorberei nie.

1.4 Intellektuele ontwikkeling is nie so belangrik in die onderrig- en leerproses nie.

1.5 Uitkomsgebaseerde onderwys (UGO) verkies dat onderwysers deelnemende leer gebruik.

1.6 Jean Piaget het 'n teorie oor die emosionele ontwikkeling van kinders ontwikkel.

1.7 Kontekstuele ontleding help die onderwyser om relevante inhoud vir die leerders te beplan.

1.8 Inhoud is een van die komponente van die leersituasie.

1.9 Kennis word slegs by die skool verkry tydens onderrig en leer.

1.10 Lewenslange leer is 'n beginsel van uitkomsgebaseerde onderwys.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Die primêre doel van 'n lesplan is …

A vir administrasiedoeleindes.
B om tydens die les onderrig te gee.
C leerdersaktiwiteite vir leerders.
D vir die onderwyser om kreatief te wees.

2.2 Ontwikkelingsaspekte wat gedurende lesbeplanning in aanmerking geneem moet word:

A Fisiese, emosionele en kognitiewe
B Sosiale, morele en taal
C Kognitiewe, spirituele en morele
D Emosionele, sosiale en morele

2.3 'n Onderwyser moet met deelnemende leer 'n … benadering volg gedurende die leerproses.

A straf-
B positiewe
C uitdagende
D oningeligte en lui

2.4 … is 'n vereiste van deelnemende leer.

A Om op ander staat te maak
B Om stil te bly in die klas
C Om verantwoordelikhede te deel
D Om spesiale behoeftes uit te sluit

2.5 Onderwysers kan diverse leerstyle akkommodeer deur … in die klaskamer te gebruik.

A 'n praktiese aktiwiteit
B ouditiewe materiaal
C visuele materiaal
D 'n verskeidenheid metodes

2.6 Watter EEN van die volgende is 'n sleuteldoel van multikulturele onderrig?

A Om bevooroordeeld te wees
B Om diversiteit te ignoreer
C Om inklusiwiteit te bevorder
D Om isolasie te bevorder

2.7 Dis belangrik om 'n leeruitkoms te kies voordat jy besluit op inhoud om …

A die kurrikulum te omseil.
B op vorige kennis en ervaring te bou.
C vermaaklike inhoud te skep.
D minder werk te doen.

2.8 Gedrukte materiaal sluit die volgende in:

A Tydskrifte
B Webwerwe
C Podsendings
D Aanlyn onderrig

2.9 Deduktiewe redenasie behels …

A om vanaf die spesifieke na die algemene te beweeg.
B om vanaf die algemene na die spesifieke te beweeg.
C intuïsie.
D logika.

Kopiereg voorbehou

2.10 Dis belangrik om die leerders se vorige kennis in ag te neem wanneer jy leerinhoud orden en om vanaf … te beweeg.

A die bekende na die onbekende
B fantasie na die abstrakte
C die abstrakte na realiteit
D lukrake lesse

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies 'n term vanuit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Die tydsduur wat 'n leerder aandag gee gedurende 'n les	A	inhoudsensitief
3.2	Die opvoeder moet inhoud in berekening neem	B	ontmoedig
3.3	Boeke vir jong kinders wys slegs prente wat teks verteenwoordig	C	produktiwiteit
3.4	Leerders het nie meer die selfvertroue om aan te hou met iets nie	D	simboliese taal
3.5	Die metodes wat gebruik word om kinders op te voed	E	kognitief
3.6	Die proses om verstandelike kennis te verkry deur die gebruik van redenasie	F	geletterdheid
3.7	'n Verhouding wat twee of meer mense het en al die betrokkenes is gelyk	G	kinderopvoedingspraktyke
3.8	Die vermoë om te lees en skryf	H	aandagspan
3.9	Elkeen word toegelaat om hul eie mening te gee	I	induktiewe
3.10	Gee feite om 'n algemene stelling te bewys	J	wedersydse verhouding
		K	verdraagsaamheid
		L	deduktiewe
		M	fantasiespel

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

4.1 Skryf die volgende afkortings volledig uit:

4.1.1 SEB ('BEE')

4.1.2 LOOM ('LTSM')

4.1.3 IKT ('ICT')

4.1.4 UGO ('OBE')

4.1.5 SAUK ('SABC')

(5 × 1) (5)

4.2 Noem VYF beginsels van demokrasie. (5 × 1) (5)
[10]

VRAAG 5

Definieer elk van die volgende terme:

5.1 Etiese

5.2 Konsekwent

5.3 Akademies

5.4 Portuur

5.5 Rolmodel

(5 × 2) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 6

6.1 Bestudeer die prente hier onder en beantwoord die vrae wat volg.



FIGUUR 1
[Bron: *shutterstock.com2272017411*]



FIGUUR 2
[Bron: *www.education.gov.za*]

6.1.1 Identifiseer die rol van die onderwyser in die prente hier bo. (2 × 1) (2)

6.1.2 Gee VIER eienskappe wat die *deelnemende* onderwyser sal toon tydens aktiwiteite. (4 × 2) (8)

6.1.3 Noem die soort leer wat in FIGUUR 2 plaasvind. (1)

6.1.4 Staaf jou antwoord op VRAAG 6.1.3 deur TWEE redes vir jou antwoord te gee. (2 × 2) (4)

6.2 Gee VIER maniere hoe 'n onderwyser selfstandige leer in 'n klaskamer op praktiese wyse kan aanmoedig. (4 × 2) (8)

6.3 Gee TWEE komponente van 'n leersituasie. (2 × 1) (2)

[25]

VRAAG 7

Bestudeer die scenario hier onder en beantwoord dan die vrae wat volg.

Mnr. Rudston gee skool vir Graad 2 by Laerskool Grootrivier waar die leerders uit verskillende kulturele agtergronde kom. Die week se tema is vervoer. Hy leer die kinders alles oor die verskillende vervoermetodes. Hy moedig die kinders aan om motors, treine en vragmotors te bou met die blokkies in die bouarea. Hy lees ook 'n storie oor motors voor. Die leerders kan deur boeke blaai wat verband hou met motors, vragmotors en treine. Hy neem hulle na 'n geskiedenismuseum om na die verskillende outydse vervoermetodes te kyk. Ouers word aangemoedig om hul ervarings met die kinders te deel. Hulle vertel hoe motors gelyk het toe hulle jonk was en hoe dinge verander het.

7.1 Verduidelik TWEE metodes wat mnr. Rudston gebruik om die vervoertema aan te bied en terselfdertyd diverse leerders te akkommodeer. (2 × 2) (4)

7.2 Noem VIER alternatiewe hulpbronne wat in 'n klaskamer gebruik kan word. (4 × 1) (4)

7.3 Noem DRIE voordele daarvan om verskillende onderrig- en leermateriale te gebruik. (3 × 2) (6)

7.4 Stel EEN kreatiewe aktiwiteit voor wat mnr. Rudston kan gebruik om die tema te bevorder. (1)

7.5 Stel VIER materiale voor wat die leerders sal benodig om die taak in VRAAG 7.4 te voltooi. (4 × 1) (4)

7.6 Gee EEN rede waarom taal belangrik is wanneer 'n les met 'n spesifieke tema aangebied word. (1 × 2) (2)

7.7 Stel TWEE maniere voor hoe die boublokkies gebruik kan word om wiskundige konsepte te leer. (2 × 2) (4)

[25]

VRAAG 8

8.1 Bestudeer die scenario hier onder en beantwoord dan die vrae wat volg.

Deesdae het die meeste huise rekenaars en slimfone. In plaas daarvan dat kinders aandag by hul ouers kry, kry hulle fone om hulself op 'n jonger ouderdom mee te vermaak. Landelike gebiede ervaar verbindingsprobleme en baie ouers kan nie data bekostig nie. In vandag se tegnologiese wêreld kan dit as 'n stimulusontneemde situasie beskou word as kinders nie hul eie selfone het nie. Die voordeel van tegnologie is dat kinders toegang tot baie inligting het en hul belangstellings kan ontwikkel. Die ouer geslagte vind egter die gebruik van tegnologie vreesaanjaend omdat verandering teen 'n vinnige pas plaasvind.

8.1.1 Identifiseer en bespreek kortliks TWEE kontekstuele faktore vanuit die bostaande scenario. (2 × 2) (4)

8.1.2 Noem DRIE uitdagings waarvoor 'n samelewing te staan kan kom aangaande tegnologiese geletterdheid. (3 × 2) (6)

8.1.3 Watter ouderdom dink jy is geskik vir kinders om hul eie foon te hê? (1)

8.1.4 Beskryf DRIE gevare daaraan verbonde as kinders selfone gebruik. (3 × 2) (6)

8.2 Gee EEN rede waarom die volgende kontekstuele faktore belangrik is vir lesbeplanning:

8.2.1 Leerstyl

8.2.2 Ontwikkelingsvlakke

8.2.3 Omgewing

(3 × 2) (6)

8.3 Defineer die term *diversiteit*. (1 × 2) (2)

[25]

VRAAG 9

9.1 Bestudeer die scenario hier onder en beantwoord dan die vrae wat volg.

> Me. Lerato werk by 'n landelike skool se grondslagfase-afdeling. Leerders kom dikwels laat by die skool sonder middagete. Hulle loop kaalvoet ver afstande. Dikwels daag leerders sonder enige warm klere op as dit koud is. Me. Lerato het die gemeenskap om hulp gevra in terme van boek- en tydskrifskenkings om voorbereiding in die klaskamer te bevorder. Sy bring ook gereeld haar televisie saam sodat die kinders programme kan kyk wat van toepassing op die lesse en tema vir die week is.

9.1.1 Identifiseer DRIE fisiologiese behoeftes vanuit die scenario. (3 × 2) (6)

9.1.2 Gee TWEE hulpbronne wat me. Lerato kan gebruik om die leeromgewing te verbeter. (2 × 2) (4)

9.1.3 Wat kan me. Lerato doen om leerders te help wat honger skool toe kom? (1 × 2) (2)

9.1.4 Stem jy saam of verskil jy met die stelling dat daar 'n verband is tussen die inhoud en die leeromgewing? (1)

9.1.5 Gee EEN rede vir jou antwoord op VRAAG 9.1.4. (2)

9.2 Lees die sinne hier onder en bepaal watter stelling 'GERIGTE' materiaal en watter stelling 'OOPEINDE'-materiaal verteenwoordig. Skryf slegs 'Gerigte' of 'Oopeinde' langs die vraagnommer (9.2.1–9.2.2) in die ANTWOORDBOEK neer.

9.2.1 Abigale bou 'n sandkasteel en vertel 'n storie oor 'n prins en prinses.

9.2.2 James bou 'n houtdinosaur en moet instruksies volg om dit aanmekaar te sit. (2 × 2) (4)

9.3 Noem die DRIE uitgangspunte van kennis in uitkomsgebaseerde onderrig. (3 × 2) (6)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou